# Huisgeloof

DinkJeug Families

**Doen reg**

## 1 Omgee

Die Time Tydskrif se “Kid of the Year” is nie populêr, invloedryk of ryk nie, maar ’n tiener wat haar talent gebruik het om ander te dien. 17-jarige Tejasvi Manoj het sagteware ontwerp wat bejaarde mense help om kuberdiewe te herken. Haar motivering was om mense soos haar oupa te help.
Dit herinner ons aan hoe die Here ons ook vra om anders op te tree en te doen wat reg is - met wysheid en diensbaarheid.

## 2 Lees

**1 Kor 1:18-31**
**Psalm 15**

Laai die **DinkJeug Familie App** gratis af vir daaglikse huisgeloof oordenkings.

Google Play:

Apple iStore:


## 3 Gesels

- Lees Ps 15 en omkring die werkwoorde. Wat sê die teks moet ons doen en nie doen nie?
- Vertel van ‘n keer toe jy die regte ding gedoen het al was dit moeilik.
- Paulus skryf oor Jesus wat die krag en wysheid van God is (vers 24). Hoekom lyk dit soms of Jesus se manier van doen swak of dom is?

## 4 Bid

Soek elkeen iets in die nuus om voor te bid. Steek ‘n Christuskers aan en bid dat Jesus se lig ook in en deur julle sal skyn.

## 5 Doen




Maak ‘n Christuskers en -houer wat julle kan aansteek wanneer julle saam bid.
Epifanie is die kerkjaarseisoen waarin ons Jesus se Lig vier.